UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

# AFK1503

Mei/Junie 2015

## AFRIKAANS VANDAG TAALKUNDE EN SKRIFTELIKE KOMMUNIKASIE

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMINATORE**

| | | |
|---|---|---|
| EERSTE | MEV A FOURIE<br>DR E LOMBARD | ME MJ LAWRENCE |
| TWEEDE | PROF EO SAAL | |

Toeboekeksamen

Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie.

**[BLAAI OM]**

UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AFK1503

Mei/Junie 2015

## AFRIKAANS VANDAG TAALKUNDE EN SKRIFTELIKE KOMMUNIKASIE

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

EKSAMINATORE

| | | |
|---|---|---|
| EERSTE | MEV A FOURIE<br>DR E LOMBARD | ME MJ LAWRENCE |
| TWEEDE | PROF EO SAAL | |

Toeboekeksamen

Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 5 BLADSYE.**

**BEANTWOORD AL DIE VRAE**

**NOMMER ASSEBLIEF ELKE VRAAG EN ONDERAFDELING DUIDELIK EN KORREK.**

## DEEL 1: LUISTER- EN LEESVAARDIGHEDE

### VRAAG 1

Gee 'n definisie van *konteks* en voorsien **3** voorbeelde van **aspekte wat deel vorm van konteks in kommunikasie.** (8)

### VRAAG 2

Lees die volgende teks en beantwoord die vrae wat daarna volg

***Straal***

*stadig jong man*
*mens verdwaal vinnig*
*as jy nie stilhou en luister*
*na 'n gesang diep van binne*
*in ons elkeen opgesluit*

*as mens aandag skenk*
*en laat sê wat ons harte*
*ongehinderd soek*
*hoor mens iets wat nader sluip*
*stilswyend jou stelselmatig bekruip*

[BLAAI OM]

*vinnig versprei*
*met 'n nuwe lied wat jou vul*
*'n visie*
*jou visie in sy geheel onthul*

*hou jou oor nader*
*dis belangrik dat jy hoor*
*jy is werklik blind*
*as jy weier om te sien*

*dis jou laaste herhaling*
*dis jou laaste straal*
*maar 'n algemene verskynsel*
*dat iemand anders dit bepaal*

2 1

2 1 1 Wat dink jy is die boodskap van hierdie teks? (1)

2 1 2 Skryf 'n sin oor hierdie teks waarin jy in jou eie woorde weergee waarom luister so 'n belangrike rol in ons omgang met mense speel (1)

2 2 Vind sinonieme in die leesstuk vir die volgende woorde

2 2 1 sistematies (1),
2 2 2 regtig (1),
2 2 3 lied (1),
2 2 4 flikkering (1) (4)

2 3 Met watter tipe teks het ons hier te make as jy na die topografie (die uiterlike struktuur) van die teks kyk? (1)

**VRAAG 3**

Wat is die verskil tussen *konnotasie* en *denotasie*? Gee een voorbeeld om positiewe en negatiewe konnotasies te verduidelik (5)

**VRAAG 4**

Wat beteken die begrippe *nieverbale kommunikasie* en *kultuurspesifieke nieverbale kommunikasie*? Gee 'n definisie van elk en skryf verklarende aantekeninge met toepaslike voorbeelde (10)

**VRAAG 5**

Elke taal het sekere *taalnorme* (*language norms*) waaraan voldoen moet word Taalnorme beteken dat taalsprekers toepaslike keuses ten opsigte van taalvorme, sinstrukture en register in interaktiewe, sosiale kontekste maak

Dink jy dat taalnorme die taalspreker se kreatiwiteit ten opsigte van taalgebruik beperk of dink jy

dat taalnorme taalsprekers help om die gepaste taalregister in verskillende situasies te kies?

Verduidelik jou antwoord (5)

**[35]**

## DEEL 2: SKRIFTELIKE KOMMUNIKASIE

### VRAAG 1

Skryf 'n paragraaf waarin jy enige 7 **voordele** van e-poskommunikasie bespreek (7)

### VRAAG 2

Voorsien die volgende sinne van die nodige hoofletters en leestekens waar nodig Gee ook (waar nodig) die korrekte spelling van woorde

2.1 Pieter vra vir Herman waar het jy my boek gebêre (4)
2.2 My vriend louis hou van apples piesangs en lemoene (4)
2.3 andre p brink reis volgende week na europa vir die bekenstelling van sy nuwe roman (5)

### VRAAG 3

Skryf kort aantekeninge oor wat jy onder *styl* in die skryfproses (*writing style*) verstaan Lig toe deur van gepaste voorbeeldmateriaal uit die praktyk gebruik te maak (10)

**[30]**

## DEEL 3: GRAMMATIKA

### VRAAG 1

Gee die fonetiese tekens vir

1.1 *<g>* soos in ***gaaf** en **chaos***
1.2 *<eeu>* soos in ***meeu** en **sneeu***
1.3 <oe> soos in *v**loer*** en *l**oer***
1.4 *<v>* soos in ***v**ang en **v**oer* (4)

### VRAAG 2

Wat is die betekenis van die volgende prefikse (voorvoegsels)? Jou opsies is

*tussen*, *oud/oorspronlik*, *sleg/nie*, *sleg*

2.1 on- (onkundig, ongeluk, onding)
2.2 oer- (oertyd, oerwoud)
2.3 mis- (mishandel, misstap)
2.4 inter- (internet, interskole)

(4)

**VRAAG 3**

3 1 Skryf die volgende sin oor en onderstreep die **onderwerp** *Elke Saterdag gaan sy winkels toe* (2)

**VRAAG 4**

Kies telkens die regte antwoord tussen hakies **Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer**, byvoorbeeld 3 1 simpleks

4 1 Die woord *vierslaapkamerhuise* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)
4 2 Die woord *huisie* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)
4 3 Die woord *windrigting* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)
4 4 Die woord *boeksak* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)
4 5 In die woord *windrigting* is 'rigting' die (kern / bepaler)
4 6 Die woord *skilpad* is 'n (simpleks / kompleks)
4 7 Die woord *gewonder* is 'n (simpleks / kompleks)
4 8 Die "s" in die woord *werkersklas* is 'n (premorfeem / verbindingsklank / bepaler / postmorfeem)
4 9 "Kom hier!" Hierdie sin is 'n (stelsin / bevelsin / vraagsin)
4 10 "Gaan haal vir my 'n stoel " Hierdie sin is 'n (stelsin / bevelsin / vraagsin)
4 11 Jy sal die boeke gaan haal In hierdie sin is 'die boeke' die (onderwerp / gesegde / voorwerp)
4 12 Die klein seuntjie sit langs sy ma In hierdie sin is die gedeelte 'sit langs sy ma' 'n bywoordelike bepaling van (plek / wyse / tyd)
4 13 (Aandagstrepe / aanhalingstekens / aksentstrepe) word gebruik om 'n persoon se direkte woorde aan te dui
4 14 Die studie van die betekenis van woorde staan as (sintaksis / semantiek / morfologie) bekend
4 15 In die woord *verhuising* is *ver-* die (stam / suffiks / prefiks) (15)

**VRAAG 5**

**Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

***Diep Tienie word 'n digter op Facebook***

1 *Tienie is mos nou 'n skrywer Hy skryf veral gedigte, dan plaas hy dit op Facebook vir sy meer as 300 vriende om te lees Hy het spesiaal vir hom op Facebook 'n blad vir sy gedigte geskep "Tienie de Wet – Skrywer" noem hy homself nou Die muse is goed vir Tienie, want hy het in die afgelope vier maande al 83 gedigte op Facebook geplaas In Afrikaans en in Engels*

2 *Hy oorweeg dit om 'n bundel van sy gedigte saam te stel Hy sal die bundel maar op sy eie koste publiseer, want die meeste groot uitgewers publiseer nie eintlik meer digbundels nie Hulle stel net belang in Breytenbach en Krog en Hambidge se werk Asof Breytenbach en Krog en Hambidge die enigste digters in die land is Hy kan regtig nie verstaan hoekom so 'n bohaai oor Breyten se gedigte gemaak word nie Dis dan als net 'n onverstaanbare gekrabbel Dis hoekom hy nie juis ander digters se gedigte lees nie, want hy is bang hulle beinvloed hom Hy wil sy eie skryfstem behou*

3 *Die muse besoek hom veral saans wanneer hy voor die rekenaar sit, met 'n glasie Nederburg Baronne by hom terwyl musiek sag op die agtergrond speel – klassieke musiek Vivaldi of Mantovani, of Rocco de Villiers se klavierklanke Hy luister ook graag na André Rieu se vioolmusiek wanneer hy dig Hy steek ook 'n kers aan Dan sit hy daar terwyl die kers flou flikker, en dan kom die gedigte na hom, die een ná die ander Soms kan hy die woorde nie vinnig genoeg op sy rekenaar tik nie Dis asof die gedig oor hom spoel*

4 *Hy het klaar 'n titel vir sy bundel Gedagtes by 'n Flikkerende Kers Hy beperk homself nie Hy dig oor enigiets oor die reen, oor die wind, oor sy stukkende motor Hy het selfs al 'n gedig geskryf oor 'n vlieg wat dood in sy kombuis se vensterbank lê Dié gedig lui*

5 *vlieg, hier lê jy nou*
*jou aardse vlug op 'n end*
*buite hang die wolke grou*
*oor glas en sement*

6 *Hy het ook 'n foto van die dooie vlieg in die vensterbank geneem en dit saam met die gedig op Facebook geplaas Hy plaas 'n foto by elke gedig, want dis hoe dit op Facebook gedoen word Die foto illustreer die gedig Hy het 36 "likes" vir sy gedig oor die vlieg op Facebook gekry Een vrou het in die kommentaarblokkie geskryf "Awsome vers, Tini Danki dat j jou seer mt os deel "*

7 *En tog het hy op skool glad nie in gedigte belang gestel nie Die onderwysers het hopeloos te tegnies geraak wanneer hulle die gedigte in die klas bespreek het Hy is steeds nie mooi seker wat 'n kwatryn en 'n oktaaf en 'n sekstet is nie, maar dit pla hom nie Hy weet wat oorkruisrym is, en dis vir hom genoeg om 'n gedig te skryf Soms rym sy gedigte nie eens nie*

8 *Hy skryf omdat hy eensaam is Hy skryf omdat hy eintlik 'n diep mens is*

(Dana Snyman, *09 Augustus 2013, Beeld)*

**VRAE:**

5 1 Verduidelik wat die woord *muse* in paragraaf 1 en 3 beteken (1)

5 2 Haal 'n woord uit paragraaf 2 aan wat dieselfde beteken as *lawaai of gedoente* (1)

5 3 Wat word die verskynsel genoem waar beginklanke van woorde dieselfde is (*flou flikker, paragraaf 3)*? Is dit *assonansie, alliterasie* of *pleonasme*? (1)

5 4 Gee die morfologiese struktuur van *onverstaanbare* (paragraaf 2) (4)

5 5 Skryf die volgende sin in Standaardafrikaans *Danki dat j jou seer mt os deel* (paragraaf 6) (2)

5 6 Noem **een** rede waarom Tienie gedigte skryf (1)

**[35]**

**TOTAAL: [100]**

©
Unisa 2015